31 Julie 2020

NG Gemeente Stellastraat

# B L I T S N U U S

## *Watter lewe maak saak?*

Die hele polemiek rondom die *"Black Lives Matter"* (BLM) het nou ook uitgekring na sportsterre wat dit ondersteun en ander wat hulle distansieer. En dan word die BLM-saak teenoor die plaasmoorde gestel – so asof een lewe meer werd is as 'n ander. Ongelukkig deur nie betrokke te wees by die BLM (of dit nou *Black Lives Matter* of Boere Lewe Maak saak) word die indruk geskep dat geen lewe saak maak nie. Jy kies nie en bly onpartydig en dan lyk dit of jy te kenne gee dat enige lewe is eintlik maar niks werd nie.
Miskien is die goeie raad wat Jakobus ons gee juis ook in ons tyd van toepassing – alle mense is na die beeld van God gemaak en behoort met dieselfde menswaardigheid behandel te word (Jak 3:9). Omdat alle lewe vir God kosbaar is, behoort daar by ons 'n "heilige woede" te wees oor enige lewe wat onnodig beïndig is – ongeag geslag, ouderdom, ras en woongebied. Maar dit beteken ook dat ons alles in ons vermoë sal doen om lewe te beskerm en om 'n billike lewensbestaan moontlik te maak. Daarom dat daar onderliggend 'n groot stuk woede by ons is oor die onreg wat gepleeg word met sommige van die onsinnige regulasies tydens die inperking. Ons moenie toelaat dat hierdie woede ons siek maak nie. Maar dit beteken natuurlik ook dat ons weer ons eie menswees in oënskou neem en vir 'n slag vir jouself sê "Jy is kosbaar". – *geskryf deur Tienie*

## *Sondag 2 Augustus se geleenthede*

Sondag se **Oordenking** is deur Fay voorberei. Die teks is uit Psalm 23 en die tema is *"Ons Herder en Gasheer"*. Hier is die skakel wat jy kan gebruik om daarna te kyk - **https://youtu.be/AQLuTLU1H6E**

Die jeuggroepe en die **Kleuterkerk** word nou vir die volgende twee weke onderbreek (tot na die langnaweek). Ons kom agter dat die groepleiers wat vir elke week se groepbespreking voorberei, ook nou 'n ruskans nodig het. Dit beteken dat daar dan ook geen Kleuterkerk-video of Huisgeloof vraag vir die volgende twee weke is nie.

Die **Tuis-Adoramus** van Sondag is deur Anton voorberei, die teks is uit Romeine 9:1-5 en die tema is *"Om lief te wees vir jou mense"*. Hier is die skakel as jy daaraan wil deelneem -
**http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-2-Augustus.pdf**

In die **Soekligaande** is Galasiërs en Openbaring op die spyskaart vir die volgende paar weke. Ons het verlede week klaar gemaak met die reeks *"Wat dra my deur 'n krisis?"* Eerskomende Sondag lees ons die Galasiërsbrief en dink saam oor *"Die vryheid van die ingeperktes"*. Oor die langnaweek gaan daar **nie** 'n Soekligaand wees nie, en op Sondagaand 16 Augustus skop ons af met 'n kort reeks van drie oor die boek Openbaring. Daar het sopas 'n boek van Dr Coenie Burger daaroor verskyn en hy as skrywer gaan in drie sessies vir ons begelei deur hierdie ietwat vreemde boek. Enige iemand is welkom om hieraan deel te neem. Die skakel na die Zoom-platvorm word in die Blitsnuus, op die FB-blad geplaas en per sms uitgestuur. Skakel vir James (082 852 7947 of james@stellastraat.co.za) as jy meer inligting nodig het. Hier is die skakel vir die Sondag **https://us02web.zoom.us/j/88297947067** *Meeting ID: 882 9794 7067*.

## *Huisgeloof en Jeuggroepe*

**Huisgeloofvraag**
Daar is nie hierdie week 'n spesifieke vraag nie. Miskien sal dit goed wees as julle as gesin sommer net weer tyd maak om te hoor hoe gaan dit met elkeen. Hoe beleef die kinders dit dat hulle nie kan skool toe gaan nie? Hoe kan ons mekaar in hierdie tyd help?

**Jeuggroepe**
Jeuggroepe word vir twee weke onderbreek tot na die langnaweek. As jy meer wil weet, kontak asseblief vir Tienie (083 627 5086).

## *Uitreik*

**Stellastraat reik uit**
Ons gee komende Sondag ons laaste ete by die *St Wilfrid's shelter*. Die *shelter* funksioneer vanaf komende Maandag as 'n aand-*shelter*. Dankie aan elkeen wat oor die laaste vier maande gehelp het om 1232 etes te voorsien. Dit het 'n groot verskil gemaak.

Daar is altyd 'n behoefte aan klere en komberse tydens die winter. Laai gerus u donasies by die kerkkantoor af. Die uitreikbediening sal sorg dat dit by die regte plekke uitkom. Baie dankie aan elkeen wat oor die laaste paar maande die uitreikbediening ondersteun het. Kontak gerus vir Fay indien jy enige navrae het.

## *Meegevoel & Ongesteld*

**Ons dink graag aan die volgende Stellastraters:**
**Rachel Combrink** van Lawleystraat 429B wie se moeder, Lina Kruger oorlede is.
**Peet van Eeden** van Lukas straat 505 se tannie is verlede week oorlede, asook **Fay** wie se neef oorlede is.
**Koos Bouwer** van Drakensbergrylaan 40 is positief getoets vir Covid.
**Elna Regenass** van 15e straat 71 het geval en baie seer gekry.
**Miemie Jordaan** van 13e straat het mooi herstel en is weer by die huis.
**Renske Biddulph** van Fountain Court 12, Waterkloof 101 is ook weer tuis.
**Neels Campher** van Umgenistraat 382 is nog ongesteld.

## *Aanlyn orrelkonserte*

Tydens die inperkingstyd het twee jong orreliste besluit om 'n konsertreeks op die been te bring. Die konserte word elke Sondagoggend om 08:00 aanlyn oopgestel. Die groot doel agter die konserte is om vir die mense van ons land die pragtige instrumente te wys wat in ons kerkgeboue staan.
**Maricus le Grange** en **Rolf Renken** glo dat die orrel nie net die koning van instrumente is nie, maar dat mense moet leer om goeie orrelmusiek te hoor.

Die orrel is 'n veelsydige instrument en kan saam met enige musiekstyl gebruik word. Skakel gerus in en luister na die opwindende note wat hierdie twee manne optower. Om die inisiatief te ondersteun en aan die gang te hou sal enige donasies handig gepas kom. Indien jy weet van 'n orrel wat hulle kan gaan opneem is jy welkom om met hulle kontak te maak by **organbuddiez@gmail.com** Hier is die skakel na die YouTube kanaal - **https://www.youtube.com/channel/UC1YpLKCtcZUOgrGu0iQfedg**

## *Verjaarsdae 2 - 8 Augustus*

**Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!**

**Sondag 2 Augustus:**
Abigail Burroughs, Doretha de Klerk, Willie Fourie, Heidi Jansen, Ria Lombard, Karen Marais, Lana Minnaar, Mignon Pistorius, Barry van Jaarsveld.

**Maandag 3 Augustus:**
Cecile Booyens, Wilhelm Conradie, Talita Crouse, Tilla Fleischhauer, Elize Greeff, Sebastian Grosskopf, Jessie Kruger, Izelle Lewis, Martinus Odendaal, Linke Pienaar, Lise-Marie Pieterse.

**Dinsdag 4 Augustus:**
Mia Bosman, Iwan Brazendale, Rolien Bührmann, Ray Collett, Ena Dannhauser, Melt de Vos, Daniël du Toit, Marilie Fryer, Elmé Gerber, Alèt Kleinhans, Reiken Myburgh, Cornelia Sadler, Charl Theron, Koos van der Merwe, Mari-Lise van Rensburg.

**Woensdag 5 Augustus:**
Elaine Blignaut, Ettienne Döman, Marilein Heyns, Marius le Roux, Sanne Loosman, Natalie Lubbe, Gustav Taute, Neels Uys, Leon van der Merwe, Fanie Vermaak, Marais Vorster.

**Donderdag 6 Augustus:**
Ilse Breed, Sheldon Burroughs, Micheal Grobler, Alphonso Groenewald, Henk Lange, Sarita Maree, Danie van Niekerk.

**Vrydag 7 Augustus:**
Jaco Claasen, Kara Crouse, Bernard Esterhuyse, Henrie Koekemoer, Mika Loots, Zané Loots, Andrea Mennen, Carlita Snyman, Jacques van der Westhuizen, Albert Visser.

**Saterdag 8 Augustus:**
Werner Ackermann, Rolien Bührmann, Corrie Lubbe, Ewald Mathey, Inge Neethling, Quintus Pelser, Alastair Smith, Minette Terblanche, Zanél van Breda.

## *NG Gemeente Stellastraat*


Stellastraat 158
Waterkloof
0181

**Tel:** 012 460 8570
**Faks:** 086 480 7844
**Epos:** info@stellastraat.co.za


**Bankbesonderhede:**
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

**www.stellastraat.co.za**